



R. HAUMANN. *Van Riga tot Drakenstein*. Die outeur : Bellville, 1987. 148 pp. Geïll. R30,00 (eksklusief). ISBN 0 620 10732 9. (Verkrygbaar van R. Haumann, Lobeliastraat 10, Riebeeckhof, Bellville).

Verskeie familiegeskiedenis oor die kleiner families in Suid-Afrika het die afgelope twee jaar die lig gesien. Dit word oor die algemeen gekenmerk deur 'n hoë standaard en die Haumann-familiegeskiedenis in *Van Riga tot Drakenstein* is geen uitsondering nie. Die boek is die resultaat van twaalf jaar se navorsing oor die herkoms en plaaslike geskiedenis van die Haumanns. Die skrywer het sy volledige dek-

king oor die geskiedenis van Simonsvlei (stamplaas van die Haumanns in Suid-Afrika) te danke aan inligting uit die ongepubliseerde manuskrip van mev. M. Cairns getiteld 'Simonsvlei : the story of a farm and its people, 1691-1974'.

Eduardt Christian Haumann, die stamvader van die Haumanns in Suid-Afrika, is tussen 1721 en 1725 gebore in Moskou of Riga in Rusland waar sy pa predikant van die Duitse kerk was. In 1745 het Haumann as soldaat in diens van die VOC getree en na die Kaap gekom waar hy op 6 Augustus 1746 burgerreg ontvang het. Aan die Kaap het hy as chirurgyn gepraktiseer en in 1749 sy eerste grondtransaksie aangegaan. Na nog 'n paar grondtransaksies het Haumann in 1764 die plaas Stellengift, vandag bekend as Simonsvlei, gekoop.

Tot aan die einde van hoofstuk 4 word die lotgevalle van die stamvader beskryf, waarna die klem na sy nasate verskuif. Hoofstuk 5 handel oor die lewe van die stamvader se enigste seun, Pieter Eduard, wat geboer het op die plaas La Brie, wat tot 1894 in die Haumanns se besit gebly het. Hy het twaalf kinders gehad van wie slegs twee seuns was. Een het geen manlike nageslag gehad nie. Gevolglik was dit die seun Johannes Stephanus Haumann (gebore 1.8.1795) wat met drie huwelike en negentien kinders gesorg het dat die familienaam nie in Suid-Afrika uitsterf nie. Johannes Stephanus se kinders het ook gesorg vir die verspreiding van die Haumanns oor die hele Suid-Afrika. Daar word dus 'n hoofstuk gewy aan die 'stamvader' in Griekwaland-Wes, die Overberg, ensomeer. Alle feite is deurgaans deeglik in voetnotas verantwoord.

Die geslagregister agter in die boek kon beslis vollediger wees, veral as die klein getalle van die Haumann-familie in ag geneem word. Verder het die outeur, sonder enige verduideliking, afgewyk van die aanvaarde patroon om die huweliksdatum direk na die getroude-teken (x) te gee. Die huweliksdatum verskyn net na die aangetroude persoon se naam, waar die geboortedatum hoort en skep aanvanklik baie verwarring. In die geskrewe teks word ook nêrens verwys na 'n persoon se genealogiese nommer nie. Die toevallige leser wat nie deeglik met die Haumann-familie vertrou is nie, sukkel dus om die persoon onder bespreking in die groter familieverband geplaas te kry.

*Van Riga tot Drakenstein* is stewig in hardeband gebind en van 'n aantreklike stofomslag voorsien. Dit bevat sestien bladsye foto's en 'n kleurafdruk van 'n familiewapen. Die boek verdien 'n baie wyer leserskring as net die Haumann-nasate en kan as 'n waardevolle bydrae tot die genealogie en kultuurgeskiedenis in Suid-Afrika bestempel word.

LINDA ZÖLLNER  
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing